Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2025-03-06

Liewe Ouers

GHOLFDAG: 7 MAART 2025

Ons kan die Klein Lochieland ouers nie genoeg bedank vir hul vrygewigheid met hierdie gholfdag nie! Baie, baie dankie vir elke bottel wyn, pak skyfies, lekkers, neute, pryse, borge, kontant-skenkings en die spelers wat ons ondersteun! Ons kan hierdie jaar weer ‘n gholfdag van ‘n baie hoë standaard aanbied a.g.v. elke ouer en besigheid wat gehelp het!

Aangesien dit ons enigste fondsinsameling vir die jaar is, probeer ons altyd baie hard om maksimum wins te genereer, maar terselfdertyd ‘n genotvolle dag vir die spelers aan te bied. Weereens baie dankie!!

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO’S

Koeverte met ‘n voorbeeld van u kleuter se foto’s sal vandag of volgende week beskikbaar wees. Die volgende fotopakkette is beskikbaar:

PAKKET A: **R140-00**

- 1 X A4
- 1 X 13/18cm
- 2 Jumbo’s
- 4 ID-foto’s

PAKKET B: **R240-00**

- 1 X A5
- 1 X 13/18cm
- 3 Jumbo’s
- 1 sleutelhouer

KLASFOTO: **R50-00**

- A5

ALLE KOEVERTE MET GELDE MOET TEEN VRYDAG, 10 APRIL IN WEES, ASB!

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is:		**TAFELMANIERE**
Ons persepsies is:	Kleur:	**Hersien aangeleerde kleure**
	Vorm:	**Hersien aangeleerde vorms**
	Getal:	**Hersien getalle 1 tot 3**
	Klank:	**Hersien aangeleerde klanke: o, a, d, g, j en i**

Maandag	10 Maart:	Ons leer oor tafelmaniere
Dinsdag	11 Maart:	**Uitstappie: Eendjie- en Vissieklas besoek Wild Wild West** **Trek Klein Lochieland skoolhempie aan, asb.**
Woensdag	12 Maart:	Ons maak ‘n plekmatjie

Donderdag	13 Maart:	**Uitstappie: Beertjie- en Hasieklas besoek Wild Wild West Trek Klein Lochieland skoolhempie aan, asb.**
Vrydag	14 Maart:	***Juf. Anita, assistent van die Eendjieklas verjaar. Baie geluk!***

GRAAD RR-INLIGTING:

GESINSFOTO'S

Stuur asb. Maandag 'n foto van julle gesin. Dit word vir temabespreking gebruik en sal weer Vrydag huis toe gestuur word.

AANTREKDAG: VRYDAG 14 MAART

Om by ons tema aan te sluit wil ons graag vra dat die kleuters aantrek soos iemand in jou familie. Jy kan aantrek soos ouma, oupa, mamma, pappa, boetie of sussie. Ons wil graag hê almal moet oulik lyk tydens Ouma en Oupadag. Wees kreatief!

OUMA en OUPADAG: VRYDAG 14 MAART

Kaartjieverkope sluit Maandag 10 Maart. Ons moet die kosbestelling betyds plaas. Ouma en oupa moet asb hul eie kampstoel saambring. Die verrigtinge begin stiptelik om 10:30. Onthou asb. kontant om werkies te koop teen 'n minimum donasie van R10-00. Kleuters wie se ouma's en oupa's nie die dag kan bywoon nie, gaan steeds saam piekniek hou.

AANLYNAANSOEKE vir GRAAD R 2026

Die aanlynaansoeke vir graad R open Dinsdag 11 Maart. Dit is baie belangrik dat u kleuter op die WKOD se webblad geregistreer word vir graad R. Dokumentasie is reeds vroeër uitgestuur wat stap vir stap die proses verduidelik. Indien u enige probleme ervaar, kontak gerus vir Kayla by adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

Ons tema vir volgende week is: **MY FAMILIE**

Ons persepsies is:

Kleur:	**Pienk**
Vorm:	**Ster**
Getal:	**4**
Klank:	**h-klankie**

Maandag	10 Maart:	***Stuur 'n gesinsfoto skool toe, asb.*** ***Laaste dag vir aankoop van Ouma en Oupadag-kaartjies***
Dinsdag	11 Maart:	***AANLYNREGISTRASIE vir graad R 2026 open***
Woensdag	12 Maart:	Trek iets pienk aan, asb. (as u het)
Donderdag	13 Maart:	Bring asb. 'n sterbroodjie skool toe
Vrydag	14 Maart:	***OUMA- en OUPADAG en AANTREKDAG!*** ***Juf. Anita, assistent van die Eendjieklas verjaar. Baie geluk!***

Geniet u naweek en sterkte aan die ouers en besighede wat die gholfdag môre ondersteun!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel